



SAKELIGA
SELFSTANDIGE SAKEGEMEENSAP

Ekonomiese Oorsig vir Besluitneming in die Sakewêreld

November 2020

Bestuursopsomming

- Die laaste paar maande het gewys hoe onwillig regerings wêreldwyd is om grensbeperkings te beëindig en hul grensbeperkings prys te gee. Die wêreld sukkel om na normaal terug te keer, en dit sal 'n negatiewe uitwerking op Suid-Afrika se brose herstel hê.
- Terwyl SA produksie herstel, bly huishoudelike inkomste in die derde kwartaal onder druk. Bestedingsaktiwiteit word deels deur uiters lae rentekoerse en groot regeringstekorte ondersteun, maar nie een van dié twee dui op langtermyn-ekonomiese gesondheid nie.
- Ons SA beleidstelkaart het ondanks geweldige fiskale druk effens verbeter. Dit weerspieël grootliks voortgesette relatiewe omsigtigheid deur die SARB, elektrisiteitsuitset wat herstel met groter netwerkstabiliteit, en beter arbeidsmarkaanwysers sedert werkverskaffing in K2 ineen gestort het.

Oorwegings vir korporatiewe strategie

SA inperking:

Internasionale reis bly onderhewig aan onvoorspelbare beperkings en bring ekstra koste en moeite mee. Dit plaas steeds 'n stremming op SA toerisme, gasvryheid en verwante bedrywe. Dit blyk onwaarskynlik dat internasionale reise binnekort ten volle sal herstel. Die staat maak praatjies oor 'n strengere grensbeperkings af, maar besighede moet waaksaam bly vir die moontlikheid van meer beperkings in ooreenstemming met die internasionale neiging.

Rand:

Moenie té negatief oor die rand wees nie. Die geldeenheid versterk en het die potensiaal om standvastig te wees danksy die SARB se relatiewe omsigtigheid, sterker kommoditeitspryse en dollarkwesbaarheid.

Rentekoerse:

Verwag vir eers dat koerse laag en taamlik bestendig sal bly.

Bateonteiening:


Ondanks die hoër SA beleidstelkaart beteken fiskale en ekonomiese druk dat bates aan plundering weens staatsbeleid blootgestel is.

Internasionaal:


Kommoditeitsmarkte bly wêreldwyd standvastig vanweë aanbodbeperkings en grootskaalse gelddrukking. Geleenthede in die SA mynbousektor sal waarskynlik verbeter, en dit ondersteun die rand.

Sake- en ekonomiepaneelbord vir Suid-Afrika (Okt/Nov 2020)


Hoe maklik/moeilik is SA se handelstoestande?




Is prysinflasie laag of hoog?




Is dit maklik/moeilik vir verbruikers en ondernemings om krediet te kry?




Hoe maklik/moeilik is dit om personeel te vind om aan te stel



Onder hoeveel finansiële druk verkeer die regering?




Is die Rand Sterk of Swak?



Suid-Afrikaanse ekonomie saamgevat

Hoofsaak:


Sakebedrywighede herstel namate inperkingsreëls verslap word. Inkomste en verbruikersvertroue herstel maar stadig. Nog inperkings bly 'n risiko terwyl 'n "tweede golf" Covid-vrese in die buiteland beleid beïnvloed.




Suid-Afrika se **Saamgestelde jaar-tot-jaar-aktiwiteitsindeks (SAI)** kombineer verskeie sleutelaktiwiteitsaanwysers vir SA. Nadat dit sterk van die inperkinglaagtepunte gestyg het, het die indeks in September en Oktober afgeplat, wat ná die onmiddellike oplewing deur 'n terugkeer na 'n mate van normaliteit daarop dui dat dit baie moeiliker sal wees om bykomende herstel te behaal. Die inperking beïnvloed besparing en aanbodkettingintegriteit, wat albei noodsaaklik is om produktiwiteit te verseker. **Data sal waarskynlik 'n sterk herstel in die BBP in die derde kwartaal van 2020 toon, maar daarna sal die ekonomie waarskynlik 'n merkbaar laer vlak as die uitset voor Covid inneem.**



Die bygaande grafiek toon **inkomste uit persoonlike inkomstebelasting (PIB)** uit data van die nasionale tesourie. Die PIB het met die inperking skerp gedaal, en in die derde kwartaal net stadig herstel omdat formele werkverskaffingstoestande waarskynlik treurig bly. Die PIB sal eers met toenemende inkomste herstel, maar daarvoor is 'n meer volgehoue produksieverbetering weer nodig. **Produksie word teruggehou deur investeringonsekerheid weens die inperking, Covid-vrese, voortgesette beperkings van die reis-, toerisme- en vermaaksektor, onverantwoordelik groot staatstekorte en beperkende ekonomiese regeringsbeleid.**



Al het die **verkope van passasiersmotors** in Oktober effens verbeter, is die volume steeds soortgelyk aan die vlak van die vroeë 2000's, en ondanks baie lae rentekoerse is dit sedert die middel van die jaar traag. Die verbetering in Oktober kan die gevolg wees daarvan dat lae rentekoerse kopers na die mark begin teruglok waar voertuie waarskynlik teen afslagpryse aangebied word om van voorraad ontslae te raak. **Huurvlootaankope verbeter dalk ook namate binnelandse reise toeneem en toerisme stadig herstel. Vir eers bly verkope egter op twee derdes van die vlakke voor Covid.**




Covid-sterftes toon in die algemeen 'n dalende neiging sedert dit begin Augustus 2020 'n hoogtepunt bereik het. Covid-sterftes teen ongeveer 1,2 daaglikse sterftes per miljoen mense is sowat 5% van die algehele lentesterftes (sowat 25 daaglikse sterftes per miljoen). Tog beteken Covid-vrese in Europa, wat tot nuwe inperkings lei, en die foutiewe wêreldwye fokus op 'gevalle' groter risiko dat strenger inperkingmaatreëls weer ingestel sal word. **Met Suid-Afrika se herstel reeds broos sal hernude inperkingmaatreëls 'n beduidende slag vir inkomste, werksgeleenthede, lewensonderhoud en gesondheid wees.**


Wêreldekonomie saamgevat

Hoofsaak:


Skerp herstel is in die derde kwartaal verwag, maar die uitdaging vir die wêreldekonomie is nou om langertermyn-groeirisiko's weens blywende Covid-vrese te hanteer. Die herstel is ongelyk en moontlik onvolhoubaar.




Die **VSA se weeklikse ekonomiese indeks (WEI)** sit sy herstel sedert April voort. Tog is dit steeds op vlakke wat met die dieptes van die finansiële krisis van 2008-'09 ooreenstem, wat wys hoe ernstig die situasie is. Die VSA se amptelike BBP vir die derde kwartaal het op 'n kwartaalgrondslag met 7,4% gestyg – 'n 'normale' herstel ná die daling van 10% in die tweede kwartaal. Dit sal interessanter wees om te sien waar aktiwiteit begin stabiliseer. **Hernude inperkings in Europa en voortgesette beperkings in baie dele van die VSA dui op voortgesette ekonomiese pyn. Toestande is baie ongelyk, met sekere sektore wat vinnige groei ervaar en ander nie – die gevolg van die verwrings weens geweldige gelddrukkery.**



Die stand van die **groeï in dollargeldvoorraad** bly 'n sleutelfaktor om dop te hou, en dis hoekom ons dit in dié verslag weer insluit. Nulrentekoerse en intense gelddrukkery spoor kredietrisikoaktiwiteit aan en ondersteun 'n oplewing in kleinhandelverkope in die VSA. Verkoopsinkomste is nou 5% HOËR as die vlakke voor Covid, selfs al is baie sektore steeds erg bedruk. **Dis die gevolg van geweldige fiskale tekorte en gelddrukkery wat bedoel is om verbruiksvlakke te handhaaf. Ons hou vol dat dit inflasierisiko's in die VSA veroorsaak en ware produktiwiteit skade aandoen.**



Chinese ekonomiese aanwysers is tans relatief lewendig omdat krediettoestande verslap het. **Motorverkope** het die afgelope drie maande indrukwekkend herstel, en leidende nywerheid- en sakeaanwysers is weer op relatief neutrale vlakke ná die ineenstorting in die eerste helfte van die jaar. Wat baie opmerklik is, is hoe sterk die Chinese yuan is. **Dis deels die gevolg van dollarswakheid, maar beklemtoon die standvastigheid vanweë relatief minder aggressiewe gelddrukkery in China deur die Covid-krisis heen. Die Chinese aandelemark wys egter dat beleggers versigtig bly, en die internasionale beleggerssentiment teenoor China lyk steeds baie swak.**



Die laaste paar maande het gewys hoe onwillig regerings is om grendeltydbepenkings te beëindig en inperkingmag prys te gee. Daar is ook blywende vrees vir Covid, soos uit sprake van toenemende gevalle en tweede golwe blyk. Ons internasionale **Inperkingvreesindeks** neig nou sywaarts, wat daarop dui dat sake nie gou na normaal sal terugkeer nie. **Sakeondernemings moet hul staal vir minder ekonomiese aktiwiteit en in die algemeen ontwrigte aanbodkettings. Soos in die Suid-Afrika-afdeling genoem is, dreig internasionale vrese en nuwe inperkings om hernude beperkings in Suid-Afrika aan te spoor.**

Suid-Afrika: Telkaart vir Presidensiële Beleid

Huidige telling: 40/100

Die Suid-Afrikaanse regering stel teenstrydige beleidstandpunte ten toon, wat sakelui laat wonder of die administrasie die las van staatsbeheer en regulering op die ekonomie gaan verlig, of nie. Die beloofde hervorming vorder klaarblyklik traag, hetsy weens 'n onvermoë of 'n onwilligheid om te hervorm, of albei.


Teen hierdie verwarrende en teenstrydige beleidsagtergrond is dit veral belangrik om te bepaal hoe bestaande de facto-beleid meetbare makro-ekonomiese aanwysers beïnvloed. **Só hoop ons om met 'n telkaart die administrasie se vordering met beleid na te volg wat betref die uitwerking wat dit in die werklikheid het, eerder as die uitwerking wat dit veronderstel of belowe is om te hê.**

Ons telkaart bevat 10 faktore wat elk 'n punt uit 10 kry om 'n telling uit 100 te gee. Ons wys 'n onaangepaste en sakesiklusaangepaste indeks (ons gebruik die ETM-sakesiklusaanwyser). Die aangepaste indeks verminder die effek van 'n opbloeit of afswaai in 'n sakesiklus.

Die 10 faktore:

- • ETM se saamgestelde arbeidsmarkindeks (Stats SA, BEO, SACCI)
- • Die rand teenoor 'n mandjie ontluike-demarkeerde-eenhede se wisselkoerse (Macrobond)
- • Suid-Afrikaanse effekteopbrengste vergeleke met buitelandse effekteopbrengste (Macrobond)
- • Peiling oor politieke beperkinge op die sakewêreld (BEO)
- • ETM-indeks van SA Fiskale Stres (Stats SA, Nasionale Tesourie)
- • Vertroue rakende vaste investering in vervaardiging (BEO)
- • SA teenoor ontluike markte se prestasie van klein- en middelkapitalisasie-aandele (Macrobond)
- • Energieproduksie (Stats SA)
- • Die verhouding van SA netto private investering/verbruik (SARB, Stats SA)
- • Die verhouding van SA netto internasionale beleggingsposisie/BBP (SARB, Stats SA)

Sakeliga-ETM SA telkaart vir presidensiële beleid



Bron: Macrobond, ETM Macro Advisors, Sakeliga



VERSLAG SAAMGESTEL DEUR:

Gerhard van Onselen (senior ontleder – Sakeliga) & Russell Lamberti (hoof – ETM Macro Advisors)